


Genealogiese Genootskap
van Suid-Afrika
Vaaldriehoektak



Genealogical Society
of South Africa
Vaal Triangle Branch

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA VAALDRIEHOEKTAK

Voorsitter se Jaarverslag vir 2006

Geagte Voorsitter Mnr Johann J van Rensburg

Hierby aangeheg die Jaarverslag soos voorgelees tydens ons jaareind verkiesing gehou op 15 Nov.2006.

Geagte Lede en Vriende,

Hiermee kom ons aan die einde van nog 'n jaar se betrokkenheid by navorsing en van studie in familie geskiedenis. Die delf in die verre verlede na die oorsprong van ons herkoms. Sommige lede het selfs reise na lande onderneem soos na Engeland en Europa om nog meer kennis en navorsing op te doen.

Die **Vaaldriehoektak** is in sy sewende bestaansjaar. Daar is 31 opbetaalde lede. Ons het ook 'n vriende kontaklys van so 15 lede wat gereeld ons inligting via Nuusbriewe ontvang om op hoogte van sake te bly. By Hobby-X is nuwe lede na ons verwys.

Byeenkomste

Ons vergader elke derde Woensdag van die maand . Die Bestuurspan om 18:00 en al die lede om 19:00 vir die Algemene byeenkoms. Dit word gemiddeld bygewoon deur sowat 15 tot 20 lede. Daar was 10 algemene byeenkomste en 9 bestuursvergaderings. Julie en Desember word uitgesluit.

Die Bestuurspan funksioneer tans met 8 lede. Die portefeuilles word gevul as volg: Voorsitter –Engela Spaleck; Vise-Voorsitter - Stefan Jansen van Vuuren; Sekretaris - Celia Fourie; Tesourier - Derick Vorster; Spesiale Projekte,Sprekers en Opleiding – Johann Tempelhoff; Ledesake en werwing – Hentie Liebenberg; Veldwerk en uitstappies - Navorsing en hulpbronne is vakant. Addisionele lede is Whitey van Niekerk en Pieter du Plessis.

Vergaderplek. Ons maak gebruik van die teekamer of lesing lokaal op die tweede vloer van gebou 4, Vaaldriehoekskampus van die Noord-Wes Universiteit. Ons dank aan Prof. J. Tempelhoff en Ronel Ward se reëling om die lokaal aan ons beskikbaar te stel vir die byeenkomste.

Vergaderings op Nasionale vlak Waar moontlik word dit bygewoon deur twee afgevaardigde lede. Engela Spaleck en Celia Fourie het die AJV te Port Elizabeth bygewoon op 25 Februarie 2006.Die NUK vergadering op 11 Nov.by die Voortrekker Monument was bygewoon deur Engela Spaleck

Die Finansiële verslag Die tesourier het gesorg vir 'n batige saldo.

Die Biblioteek. Bestaan uit boeke en kompakskywe aangekoop uit ons fondse asook skenkings van ons lede. Dit word behartig deur Celia Fourie en Engela Spaleck.

Die Nuusbrief word huidig deur die Sekretaris, Celia Fourie behartig.

Dit handel oor 'n kort beskrywing van bestuursbesluite, uiteensetting van die sprekers se onderwerpe , nutste genealogiese bronne en ter saaklike inligting. Die agenda en notule word saam per e-pos aan lede gestuur deur Fanie Blignaut wat die nutste fasiliteite het.

Verversings. Dit word vrywillig deur 2 lede per sessie voorsien. 'n Fooi van R5.00 per persoon word gehê om ons fondse aan te suiwer. Baie dankie aan almal wat die verversings vir die byeenkomste voorsien het.

Die Begraafplaas Projek deur Fanie Blignaut.

Hy het die Koppies begraafplaas geredigeer vir 'n kompakskyf wat deur Koos en Celia Fourie afgeneem en opgeskryf is. Tans is hy besig met Parys se begraafplaas wat baie tyd en aandag verg. Die lede is behulpsaam met die neem van fotos, opskrywe en skoonmaak van die begraafplaas. Hy het baie ure se werk daar verrig en met die plaaslike munisipaliteit onderhandel. Hy is ook besig met Reivilo in Noord-Wes Prov. se begraafplaas inligting soos opgeskryf deur Wolfie en Engela Spaleck. Daar is van sy werk opgeneem op die Begraafplaas kompakskyf 3 en 4.

Maandelikse byeenkomste van 2006

- | | |
|--------------|---|
| 18 Januarie | Uit ons eie geleedere.
1) Trevor Dickerson vertel oor sy aantekeninge van interessante inligting en bronne waarvan hy hoor.
2) Derick Vorster bespreek die boek "Groep sonder Grense" van H.F.Heese
3) Whitey van Niekerk stel ons bekend aan die "Woordspel", 'n Afrikaanse speltoets wat gratis van die Internet afgelaai kan word.
4) Engela Spaleck gesels oor "Die Italiaanse Invloed in Suid-Afrika" asook oor Daleen Mathee se boek "Moerbei bos". |
| 15 Februarie | Spreker Dr. Peet Joubert gesels oor die geskiedenis van die Jouberts in die Oos Transvaal. |
| 15 Maart | 1) Chris Ebersohn. Sy navorsing is nog in die begin stadium en sy seun is hom behulpsaam met inligting uit Nederland se argiewe.
2) Hennie Steyn. "Hoekom ek my familie navors". |
| 19 April | Besoek aan die Ferdinand Postma Biblioteek, Vaaldriehoekcampus. |
| 17 Mei | Besoek van Noordwestak, Potchefstroom. |
| 21 Junie | Genealogiese rekenaarprogramme aangebied deur Whitey van Niekerk, Derick Vorster en Renier Feldtmann. |
| 17 Augustus | Mnr Jan vd Westhuizen en sy dogter Heidi vertel oor hul lewe en ontberings in Zimbabwe-Rhodesië. |
| 4 September | Besoek op uitnodiging na Noordwestak, Potchefstroom met Johan Pottas as spreker. Bygewoon deur Roelien Kleynhans en Engela Spaleck. |
| 20 September | Graham en Gerda Goddard vereer ons met 'n besoek van Engeland. "Hatched, Matched and Dispatched" |
| 18 Oktober | Bespreking oor "Die Toekoms van Genealogiese Navorsing" Kommentaar en opinies van ons lede. |
| 15 November | Spreker Johan Vermeulen oor "Hoe om 'n familieboek saam te stel". |

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om al die lede te bedank vir hul aktiewe bydrae tot 'n suksesvolle voortbestaan van ons tak.

Aan die Bestuurspan baie dankie vir al die ondersteuning en leiding die afgelope jaar. 'n Geseënde Kersfees en Voorspoed vir die jaar 2007 aan lede, vriende en hul gesinne.

Van die Voorsitter Engela Spaleck

Die nuwe Bestuur vir 2007 van die Vaaldriehoektak is as volg verkies

Voorsitter:	Engela Spaleck.
Vise-Voorsitter en	Derick Vorster.
Tesourier:	Derick Vorster.
Sekretaresse:	Celia Fourie
Spesiale Projekte.Sprekers en Opleiding:	Johann Tempelhoff
Webwerf,Ledesake en Werwing :	Reinier Feldtmann.
Begraafplaas Projek:	Fanie Bignaut.
Veldwerk ,Uitstappies,	
Navorsing en Hulpbronne:	Gert Schepers.
Addisionele lid:	Whitey van Niekerk.

GGSA

Vaaldriehoektak, Posbus 1174, Vanderbijlpark. 1900.

Tel.No. 016 910 3502 /3 Faks:016 910 3530 E-pos: gskasb@puknet.ac.za

* * * *